

BESTUURSMAATREËLS WANNEER MIDDE IN 'N RAMPDROOGTE

Dr Louis du Pisani

Desember 2015

1 FINANSIËLE BESTUUR

Die kontantvloei gaan druk. Die volgende stappe moet oorweeg word:

- Gaan sien u rekenmeester en doen 'n kontantvloeibepanning vir u besigheid vir ten minste die volgende 12 maande. Wees realities met die syfers. Doen ook 'n behoorlike begroting vir u persoonlike finansies.
Draai die geld krane so vêr as moontlik toe. (A) In die geval van u besigheid moet u veral let veral op die groot vyf spanderings (uitgesluit voer), te wete arbeid, brandstof, herstel- en onderhoudskoste, elektrisiteit en korttermynversekering. Raak ontslae van onproduktiewe arbeid, alhoewel 'n droogte dikwels meer arbeid verg. Stel alle herstel- en onderhoudskoste wat nie-noodsaaklik is, uit. Gesels met u finansiële adviseur en staak die versekering van bates wat nie noodsaaklik is om te verseker nie. Pas die waardes van toerusting en voertuie aan, ens. (B) In die geval van u persoonlike besteding moet u vir eers alle luukses soos vakansies of uit- of afstel. Kyk weer na die bydraes aan polisse, beleggings, mediese fonds, ens., saam met u rekenmeester en finansiële adviseur. Moenie oorhaastig optree nie!
- Gaan sien u bankbestuurder as dit blyk dat u nie u verpligtinge ten opsigte van u leningsterugbetalings sal kan diens nie. Moenie hierdie aksie uitstel totdat die bank teen u begin optree nie. Wees liever pro-aktief. Bespreek u situasie met die bankbestuurder. Onderhandel die volgende maatreëls met hom, wat die druk op u kontantvloei sal verlig:
 - 1 Delg vir die interim slegs rente en nie kapitaal nie,
 - 2 Verleng die terugbetalingstermyn/e,
 - 3 Konsolideer veral u korttermyn- en mediumtermyn lenings in 'n enkele langtermyn lening met so 'n lang terugbetaling as moontlik.
- Raak ontslae van wit olifante op die plaas.

- Oorweeg om bates soos ekstra wonings en strandhuise te verkoop, veral as hulle uit u persoonlike finansies gefinansier moet word. As die bates reeds afbetaal is, oorweeg om dit stelselmatig in kontant om te sit, indien noodsaaklik. Dit is beter om hierdie bates te verkoop en die plaas te behou en weer voort te boer na die droogte.
- As die boerdery vir meer as een gesin moet sorg, kan dit 'n goeie plan wees dat een gesin tydelik vir hulle 'n ander inkomste kry (mits die boerdery net met een bestuurder kan klaarkom). In die geval van 'n eenmansaak, kan die eienaar en/of sy vrou ook oorweeg om tydelik 'n ander inkomste te kry en die boerdery net deelyds te bedryf.
- As die boer by of naby aftrede is en geen erfgename het nie, kan hy dit oorweeg om die boerdery te staak. Oorweeg die beste alternatief tussen verkoop tydens 'n droogte teen maandelike swak pryse vir grond en vee versus aanhou boer deur die droogte en sodoende 'n ekstra finansiële las op te bou wat later verhaal sal moet word vanaf beter grond- en vee-pryse.
- Stel alle kapitaalprojekte uit vir solank die droogte voortduur.

2 VOER

- Teen hierdie tyd het u hopelik reeds van alle passasiers op die veld ontslae geraak (sien Hoofstuk ?? wat handel oor die ontladings prosedure soos wat die droogte ontwikkel). Raak ontslae van oortollige diere soos perde, donkies, muile, melkkoeie (wat aan die huis en arbeid melk voorsien), ens.
- Die druk op ruvoerbronne sal nou groot wees en die kwaliteit sal vinnig afneem. Solank as wat daar genoeg ruvoer op die veld is (al is die kwaliteit nie goed nie), kan u slegs van lekke gebruik maak.
- Daar is drie droogte voergewasse wat nou handig te pas sal kom, te wete garingsboom, doringlose turksvy en oumansoutbos.
 - 1 Garingboom
Op sy eie is garingboom nie 'n goeie droogtevoer nie. Maar, sit dit saam met ruvoer, en dit wys sy ware kleure.

Navorsing deur Jan Hoon en medewerkers (Grootfontein) het gewys dat 'n mens tot soveel as 45% van 'n skaap se lusernbehoefte (bereken op energiebasis) met garingboom kan vervang, sonder om die skaap se produksie te beïnvloed. Dit wil sê, 'n skaap wat net lusern vreet en een wat 45% garingboom en 65% lusern vreet, se produksie is dieselfde. Dit kan 'n aansienlike besparing aan die koste en die hoeveelheid van aangekoopte ruvoer teweeg bring. Netso, is aangetoon dat garingboom saam met oumansoutbos ook 'n goeie kombinasie is.

Garingboom kan direk nadat dit gekerf is gevoer word of maksimum 3 tot 4 dae gedroog word. Garingboom is lywig en baie vullend en moenie meer as 45% van 'n dier se dieet uitmaak nie.

2 Doringlose turksvy

Doringlose turksvy kan op drie maniere gevoer word. Dit kan direk bewei word of afgesny, gekerf, gedroog en gevoer word of as 'n meel gevoer word.

Uit proewe by Grootfontein het dit geblyk dat skape tot 46% meer turksvy inneem as dit eers vooraf gedroog word. So word meer voedingstowwe ingeneem en die dier se prestasie verbeter. Gekerfde turksvyblaaië dan binne 'n week gedroog en met 'n hamermeul gemaal word ('n 12mm sif).

Verskeie proewe is in die 1970's te Grootfontein met turksvy meel gedoen. Net een van die rantsone het die skape hul gewig laat behou, terwyl die skape by die res deurentyd gewig verloor het. Dit was 'n *ad lib* rantsoon van 94% turksvymeel en 6% vismeel. Navorsing deur die Universiteit van die Vrystaat in die laat 2000's, het gewys dat 'n mengsel van 300g turksvymeel, 190g lusernmeel, 275g meliëmeel, 180g sonneblom oliekoek, 40g melasse (Enermol) en 15g voerkalk en wat aan dorperlammers gevoer is, 'n gemiddelde daaglikse massatoename van 180g/dag teweeg gebring het (teen 'n inname van 1,2kg DM/dag).

Wanneer gekerfde turksvy as aanvulling op droë Karooveld gevoer word, word die beste resultate verkry wanneer 'n energie-lek, wat ekstra fosfaat bevat, daarmee saam gevoer word.

Wanneer skape net gekerfde turksvy blaaië gevoer word, word die beste resultate verkry deur 150g lusernhooi/skaap/dag by te voer, tesame met 'n energielek wat natuurlike proteïen (soos vismeel of oliekoek) bevat. Dit is raadsaam om die gekerfde stukke in voerbakke beskikbaar te stel, anders raak dit te veel met grond bevuil.

Turksvy-plante kan sonder skade tot 1m hoogte terug gesnoei word.

3 Oumansoutbos

Soutbos word die beste benut deur dit direk te beweï. Die smaaklikheid daarvan sal afhang van die soutinhoud, wat deur die soutinhoud van die grond waarop dit groei bepaal word.

Byvoeding van garingboom en doringlose turksvy sal die benutting van oumansoutbos deur skape aansienlik verbeter, met 'n gevolglike verhoging in produksie. Boere het ook al gevind dat skape aansienlik beter presteer op oumansoutbos wanneer hulle toegang tot oesreste of hooi het.